

DIE NUWE VERBOND
EN
DIE HEILIGE NAGMAAL



INLEIDING

Die Here se Nagmaal herinner ons aan God se liefde

So dikwels as ons die Nagmaal vier, moet dit ons opnuut herinner aan God se liefde vir ons. 'n Liefde wat nooit sal faal nie, 'n liefde wat nooit minder sal word nie. Alhoewel mense ontrou mag wees, God sal ons nooit verlaat of in die steek laat nie. Alhoewel ons baie keer mag sukkel en struikel, sal God ons nooit verlaat nie.

Terwyl ons Jesus se dood herdenk, is ons heerlik vol vertroue van God se liefde vir ons. Ons moet nie bekommerd wees dat ons sondes, maak nie saak hoe baie of hoe ernstig nie, ons van Hom los gesny het nie. Hy verwelkom altyd Sy kinders as hulle hul sondes berou, bely en laat staan.

Ons is ook daarvan bewus dat Jesus as gevolg van ons sondes gesterf het. Hy het na die kruis gegaan, omdat mense vir hulself besluit wat reg en verkeerd is. Ons het dit almal gedoen en ons het daarvoor berou gehad - baie keer. Ons moet God se wil doen, nie ons eie nie. Ons wil nie deel hê aan 'n eiwyse lewe nie, want dit is 'n benadering wat ons van God vervreem, ons tot die dood veroordeel en het ons Verlosser se dood veroorsaak. So die Here se Nagmaal is om ons te herinner om ons te verootmoedig en om andere te dien (Fil. 2:4-8). Elkeen van ons is hopeloos onvoldoende vir die taak voor ons toegerus! Die goeie nuus is dat God 'n weg voorsien het om dit te bowe te kom en dit is deur Jesus se lewe (Rom.5:10).

Vir 'n gebalanseerde begrip van die Christelike lewe moet ons onthou dat ons Verlosser 'n lewende Verlosser is. Hy sit in 'n posisie van eer en krag met God die Vader. Hy tree vir ons in, leef in ons en ons in Hom. As gevolg van Sy lewe, wandel ons in 'n nuwe lewe en leef in die waardigheid van vergifnis in plaas van veroordeling.

Saamgestel deur: dr. *Hans Koen*

Tel: 021 872 8756 Sel: 076 689 9246 e-pos: estellie@telkomsa.net

DIE VOETEWAS



Jesus verklaar diegene wat aan die voetewas deelneem, geseënd, gelukkig en bly (Joh. 13:17). Dit is nie 'n leë ritueel nie. Ons moet opnuut sy diepe betekenis en implikasies ontdek en 'n groter seën verkry deur peinsend mekaar se voete te was. 'n Seën wag op ons.

Dit was Jesus se laaste aand saam met Sy dissipels. Bewus van alles wat vir Hom voorgelê het, het Jesus verkies om daardie aand twee nuwe voorskrifte (bo en behalwe die doop) aan Sy dissipels voor te stel. Dit moes in Sy nuwe kerk erken en onderhou word.

Die een voorskrif was die seremonie van die Nagmaal. Maar daar was ook 'n ander voorskrif wat Jesus daardie aand vir ons gegee het.

Op Christus se eie bevel moet die Nagmaal deur die seremonie van die voetwas, as teken van die reiniging van sonde deur die bloed van Jesus, voorafgegaan word. Hierdie wassing seremonie moet addisioneel tot die voorskrif van die doop onderhou word.

Die doop moet gewoonlik net een keer (met bekering) met die individuele gelowige plaasvind. Maar hierdie tweede wassing moet van tyd tot tyd gedoen word soos die kerk behoort bymekaar te kom om die Nagmaal te vier.

Doop verteenwoordig die groot, aanvanklike reiniging - wanneer die bloed van Christus al die vorige skuld van 'n sondige lewe toedek en reinig.

Maar hierdie addisionele seremonie sou die mindere, opvolg reinigings simboliseer. Ook belangrik is dat hulle die reiniging van die volgelingen van Christus van die sonde en verontreiniging wat in die lewe van dag tot dag na die bediening van die doop akkumuleer, simboliseer.

Ons vind 'n duidelike rekord van hierdie voorskrif, dikwels "die voorskrif van nederigheid" genoem, in die evangelie van Johannes 13: 1-5:

En voor die fees van die pasga het Jesus, omdat Hy wís dat sy uur gekom het dat Hy uit hierdie wêreld sou oorgaan na die Vader, en omdat Hy sy eie mense in die wêreld liefgehad het, hulle liefgehad tot die einde toe. En gedurende die maaltyd - die duíwel het dit al in die hart van Judas Iskariot, die seun van Simon, ingegee om Hom te verraaí - het Jesus, omdat Hy wís dat die Vader alles in sy hande gegee het en dat Hy van God uitgegaan het en na God heengaan, van die maaltyd opgestaan en sy bo-klere uitgetrek en 'n doek geneem en dit om Hom vasgemaak. Daarna het Hy water in 'n bak gegooi en die voete van die dissipels begin was en afdroog met die doek wat Hy omgehad het.

Dit was normaalweg die werk van 'n dienskneg, maar nie een van die dissipels was gewillig om dit te doen nie. Toe het Jesus opgestaan en begin om almal se voete te was. Om met oop sandale en kaalvoet op die stowwerige paaie te loop het hulle stof op hul voete vergader. Dit was die gebruik vir 'n dienskneg om dit af te was, maar niemand van die dissipels wou homself verneder om hierdie taak uit te voer nie. Hulle het Christus se vroeëre les, **Maar die grootste van julle moet jul dienaar wees**, vergeet (Matt. 23:11).

Christus het geweet dat, met die trots en selfsugtigheid in hulle harte, die dissipels nie voorbereid was om aan die Nagmaal, wat Jesus op die punt was om in te stel, deel te neem nie. Daar was 'n behoefte vir diepe hart-ondersoeking van hulle kant, want later word vir ons gesê: *Wie dan op onwaardige wyse van hierdie brood eet of die beker van die Here drink, sal skuldig wees aan die liggaam en bloed van die Here. Maar die mens moet homself beproef en só van die brood eet en uit die beker drink. Want wie op onwaardige wyse eet en drink, eet en drink 'n oordeel oor homself, terwyl hy die liggaam van die Here nie onderskei nie.* - 1 Kor. 11:27-29.

Met dit alles in gedagte het Jesus opgestaan en begin om die voete van die dissipels, een vir een, te was soos hulle om die tafel gesit het. Hy het **Homself verneder deur die gestalte van 'n slaaf aan te neem.** - Filippense 2:7. Hierdeur het Hy Sy grootheid deur Sy groot nederigheid geopenbaar.

Toe Jesus by Petrus gekom het, was die dissipel geskok, want hy wou dit nie aan Jesus doen nie, want hy het verneder gevoel dat hy self nie vroeër aangebied het om dit te doen nie. Nou gaan sy Meester sy voete was!

Op Petrus se opmerking het Jesus geantwoord: **Wat Ek doen, begryp jy nie nou nie, maar later sal jy dit verstaan..... As Ek jou nie was nie, het jy nie deel aan My nie.** - Johannes 13:7-8.

Dit openbaar die feit dat daar in hierdie voorskrif 'n verborge betekenis is wat nie onmiddellik duidelik was nie. Dit was nie die stof van die pad wat Petrus vir ewig van Christus kon skei nie, maar die verwerping van die

reiniging van alle besoedeling en sonde - wat deur hierdie seremonie gesimboliseer word.

Hierdie voorskrif was in die kerk begin om dit duidelik te maak dat slegs die bloed van Christus Sy volgelinge kan skoon hou wanneer hulle voortdurend na Hom vir berou terugkeer en die hernuwing van die geloftes van lojaliteit en gehoorsaamheid aan Sy vereistes.

Dan, drie keer na mekaar, het Christus met noukeurigheid verklaar - beveel - dat hierdie voorskrif van die voetewassing (ook die voorskrif van nederigheid genoem) daarna deur Sy dissipels onderhou moes word. Hierdie voorskrif word drie keer in ses verse gegee. Hier is dit:

Toe Hy dan hulle voete gewas en sy bo-klere geneem het, gaan Hy weer aan tafel en sê vir hulle: Verstaan julle wat Ek aan julle gedoen het? Julle noem My Meester en Here, en julle is reg, want Ek is dit. As Ek dan, die Here en die Meester, julle voete gewas het, is julle ook verplig om mekaar se voete te was. Want Ek het julle 'n voorbeeld gegee om, net soos Ek aan julle gedoen het, ook so te doen. Voorwaar, voorwaar Ek sê vir julle, 'n dienskneg is nie groter as sy heer nie, en 'n gesant is ook nie groter as die een wat hom gestuur het nie. As julle hierdie dinge weet, salig is julle as julle dit doen. - Johannes 13: 12-17.

Toe hierdie diens afgehandel was, en Jesus weer Sy sitplek ingeneem en beveel het dat dit onderhou moes word, het Hy die Nagmaal ingestel.

Die groot wonderwerk van veranderde harte

Toe Judas sy plek aan die tafel kies, het hy hom eerste gestel en Jesus, as Dienskneg, het hom eerste bedien. Johannes moes tot laaste wag. Maar Johannes het dit nie as 'n bestraffing of geringskating beskou nie. Toe Petrus aan die beurt kom, het hy verbaas uitgeroep: **Here, gaan U my voete was?** Christus se minsaamheid het sy hart ontroer. Hy het hom byna dood geskaam, omdat dit nie deur een van die dissipels gedoen was nie. **Wat Ek**

doen, het Christus gesê, **begryp jy nou nie, maar jy sal dit hierna verstaan.** Petrus kon dit nie duld dat sy Meester, die Seun van God, die rol van 'n dienskneg speel nie. Sy hele wese het teen hierdie vernedering in opstand gekom. Vasberade het hy uitgeroep: **U sal my voete in der ewigheid nie was nie.**

Christus het gesê: **As Ek jou nie was nie, het jy geen deel aan My nie.** Hierdie diens wat Petrus wou weier, was die simbool van 'n meer verhewe reiniging. Jesus het gekom om die smet van die sonde uit die hart weg te was. Petrus het die meer verhewe reiniging geweier wat by die geringe ingesluit is. Eintlik het hy sy Here verwerp. Dis nie vir die Meester vernederend dat ons Hom toelaat om ons te reinig nie.

Petrus het van sy trots afstand gedoen. Skeiding van Christus sou vir hom erger as die dood gewees het. Hy het uitgeroep: **Nie net my voete nie, maar ook die hande en die hoof.** Jesus sê vir hom: **Hy wat gewas is, het niks anders nodig as om die voete te was nie, maar is heeltemal rein.**

Dié woorde dui op meer as liggaamlike sindelikheid. Christus praat van die verhewe reiniging wat deur die geringe geïllustreer word. Hy wat gebad het, is skoon, maar in hul sandale word die voete gou stowwerig en hulle moet weer gewas word. So is Petrus en sy broeders in die groot fontein gewas wat vir sonde en onreinheid oopgegaan het. Maar versoeking het hulle tot sonde gelei en hulle moes nog Christus se reinigende genade hê.

Jesus wou die vervreemding, jaloesie en hoogmoed uit hul harte was. Dit was veel belangriker as om die stof van hul voete af te was. Met die gees wat toe onder hulle geheers het, was nie een van hulle gereed vir kameraadskap met Christus nie. Voordat hulle in nederigheid en liefde kon verkeer, was hulle nie gereed om deel te neem aan die gedenkdienste wat Christus van plan was om in te stel nie. Hoogmoed en selfsug kweek tweedrag, maar toe Hy hulle voete gewas het, het Jesus dit alles afgewas. 'n Nuwe gesindheid het posgevat. Jesus kon sê: **Julle is rein.** Nou was daar

eendrag en liefde vir mekaar. Met die uitsondering van Judas was elkeen bereid om die ereplek aan die ander af te staan. Nou kon hulle Jesus se woorde ontvang.

Ons is ook in die bloed van Christus gewas. Nogtans word die reinheid van die hart bevlek. Ons moet om Sy reinigende genade na Christus kom. Hoe dikwels bring ons ons sondige, besoedelde harte in aanraking met Christus se hart! Hoe griewend moet ons slegte humeur, ons verwaandheid en hoogmoed nie vir Hom wees nie! Nogtans moet ons al ons gebreke en besoedeling na Hom bring. Alleen Hy kan ons reinig.

Waarom Christus hierdie diens ingestel het

Nadat Christus die dissipels se voete gewas het, het Hy aan hulle gesê: Verstaan julle wat Ek aan julle gedoen het? Julle noem My Meester en Here, en julle is reg, want Ek is dit. As Ek dan, die Here en die Meester, julle voete gewas het, is julle ook verplig om mekaar se voete te was. Want Ek het julle 'n voorbeeld gegee om, net soos Ek aan julle gedoen het, ook so te doen. Voorwaar, voorwaar Ek sê vir julle, 'n dienskneg is nie groter as sy heer nie, en 'n gesant is ook nie groter as die een wat hom gestuur het nie.

Sodat Sy volk nie mislei moet word deur die selfsug wat in die natuurlike hart woon nie, het Christus self die voorbeeld van nederigheid gestel. Hy self, wat gelyk is aan God, het as dienskneg teenoor Sy dissipels opgetree. Hy voor wie elke knie sal buig, het neergebuig om die voete van hulle te was wat Hom Here noem. Hy het die voete van Sy verraaier gewas.

God leef nie vir Homself nie. Hy dien andere voortdurend. Jesus is gegee om aan die hoof van die mensdom te staan, sodat Hy deur Sy voorbeeld kon toon wat dit beteken om te dien. Hy het almal gedien. So het Hy die wet van God uitgeleef en deur Sy voorbeeld getoon hoe ons dit moet gehoorsaam.

Nadat Christus die dissipels se voete gewas het, het Hy gesê: **Ek het julle 'n voorbeeld gegee om, net soos Ek aan julle gedoen het, ook so te doen.** Met hierdie woorde het Christus 'n godsdienstige gebruik ingestel. Hierdie vernederende seremonie is deur 'n daad van die Here 'n gewyde instelling gemaak. Die dissipels moes dit nakom, sodat hulle altyd Sy lesse van nederigheid en naastediens kon onthou.

Hierdie instelling is Christus se aangewese voorbereiding vir die Nagmaal. Terwyl trots, tweedrag en wedywing gekoester word, is ons nie gereed om die gemeenskap van Sy liggaam en Sy bloed te ontvang nie. Daarom het Jesus die herinnering aan Sy vernedering as die voorafgaande seremonie verorden.

Daar is 'n neiging by die mens om hom belangriker as sy broeder te ag, om sy eie saak te bevorder, om die hoogste posisie na te streef; en dikwels lei dit tot agterdog en bitterheid. Die instelling wat die Nagmaal voorafgaan, moet die mens van selfsug bevry, hom afbring van sy selfverheffing na nederigheid van hart wat hom sy broeder sal laat dien. Die heilige Waarnemer uit die hemel is by hierdie diens teenwoordig om dit 'n tyd van selfondersoek, oortuiging van sondes en versekering van vergifnis van sondes te maak. Christus is daar om die gedagtestrominge uit hul selfsugtige kanale te keer.

Wanneer ons aan die Heiland se vernedering vir ons dink, word 'n ketting van herinneringe in gedagte geroep - herinneringe aan die goedertierenheid van God en van die tedere voorreg van aardse vriende. Vergete seëninge en vergete vriendskappe kom in herinnering. Karaktergebreke, pligsversuim, ondankbaarheid, kilheid kom ons voor die gees. Die gees word aangespoor om elke struikelblok, wat skeiding veroorsaak het, uit die weg te ruim. Sondes word bely en vergewe. Die temperende genade van Christus snoer harte saam. Daar ontstaan 'n verlange na 'n hoër geestelike lewe. Die siel word opgehef. Ons kan die Nagmaal gebruik met die wete dat die sonskyn van die geregtigheid van Christus die sieletempel gevul het.

Vir diegene wat die gees van hierdie diens ontvang, kan dit nooit 'n leë seremonie wees nie. Telkens as hierdie instelling reg gevier word, beloof die kinders van God dat die lewe aan onselfsugtige diens vir mekaar gewy sal word. Die wêreld is vol mense wat ons bediening nodig het. Wie in die bovertrek met Christus kameraadskap gehad het, sal uitgaan om te dien soos Hy gedien het. **As julle hierdie dinge weet, salig is julle as julle dit doen.**

Jesus vra ons om Sy voorbeeld te volg. Hy het die voete van Sy dissipels gewas. Ons was die voete van ons medegelowiges. Soos Jesus die voorbeeld om gedoop te word gestel het - en ons volg Hom - soos Hy die voorbeeld gestel het hoe om die Nagmaal te vier - en ons volg Hom - so het Jesus 'n voorbeeld in die was van die dissipels se voete gestel - en ons **móét** Hom ook hierin volg!



DIE HEILIGE NAGMAAL



Die Nagmaal is deelname aan die simbole van die liggaam en bloed van Jesus om geloof in Hom, ons Here en Verlosser, te betuig. In hierdie gemeenskap is Christus teenwoordig om Sy kinders te besoek en te versterk. In ons deelname verkondig ons die Here se dood met blydskap totdat Hy weer kom. Voorbereiding vir die Nagmaal behels, onder andere, selfondersoek, berou en belydenis. Die Meester het die voetwassing ingestel as 'n simbool van hernieuwe reiniging, om bereidwilligheid te toon om mekaar in ware Christelike nederigheid te dien en om ons harte in liefde te verenig. Die Nagmaal is vir alle gelowige Christene toeganklik.

Die voetewas, met die kenmerk van reiniging, het die toneel en die gees vir die daaropvolgende Nagmaal voorberei.

Die middele van verlossing (Matt. 26:26-27). In die Nagmaal verteenwoordig die brood die liggaam van Christus en die beker die bloed van Christus. Die lewe van Jesus en Sy dood is die enigste middeleg vir ons verlossing. Deur die Nagmaal te vier erken ons dat alle pogings om onself te verlos tevergeefs is. Ons is afhanklik van wat Jesus vir ons gedoen het, nie wat ons gedoen het, nou doen of sal doen nie.

In die lig van die kruis is al ons pogings tot selfverbetering en al ons interessante idees om die vermoëns van die eie-ek te gebruik om ons volle potensiaal te bereik nutteloos.

Gedenk Christus (Luk. 22:19; 1 Kor. 11:24). Die Nagmaal word as 'n herinnering aan die plaasvervangende versoening gevier. Omdat ons so maklik vergeet, omdat ons so gewoon kan raak aan die genadegawe van verlossing, omdat ons in die gevaar verkeer om op onself te vertrou in plaas van op die Here, moet ons voortdurend onthou wat Jesus vir ons gedoen het. Die Nagmaal is 'n herinneringsdiens, nie 'n begrafnisdiens nie. Dit is 'n vreugdevolle viering van die liefde van die Drie-enige God en die offer van Christus wat ons tot volle verlossing gebring het.

Die gemeenskap met Christus en eenheid in Christus (1 Kor. 10:16). In die Nagmaal het ons deel aan die bloed van Jesus. Hulle wat die beker behoorlik ontvang, ontvang Christus. Hulle word saam in kameraadskap met Christus verbind. So 'n ontvangs is, natuurlik, 'n geestelike proses en vind daarom deur geloof plaas. Die verklaring omtrent die brood moet soortgelyk verstaan word: die gebreekte brood beteken deelname aan die liggaam van Christus. Die gemeenskap met Jesus skep kameraadskap met hulle wat aan Hom behoort. Omdat ons van die brood eet, word ons een liggaam. Die Nagmaal dra tot die eenheid van die kerk by.

Ons ondervind die kragtigste en grondigste beleving van kameraadskap aan die tafel van die Here. Hier kom ons op gemeenskaplike terrein byeen en word die versperrings wat ons van mekaar skei, afgebreek. Hier besef ons

dat terwyl daar veel in die samelewing is wat ons verdeel, ons in Christus alles het wat nodig is om ons te verenig. Met die deel van die nagmaalsbeker het Jesus die Nuwe Verbond vir Sy dissipels ingestel. Soos Hy gesê het: **Drink almal daaruit. Want dit is my bloed, die bloed van die nuwe testament, wat vir baie uitgestort word tot vergifnis van sondes.** - Matt. 26:27,28; vgl. Lukas 22:20. Waar die Ou Verbond met die bloed van geofferde diere bekragtig is (Exod. 24:8), so is die Nuwe Verbond met die bloed van Christus bekragtig. Met hierdie plegtigheid hernuwe gelowiges hul gelofte om getrou aan hul Heer te bly en erken hulle opnuut dat hulle deel van 'n verbysterende ooreenkoms is waardeur God Hom, deur Jesus, aan die mensdom verbind het. As deel van die verbond het hulle iets om te vier. Die Nagmaal is daarom sowel 'n herdenking as 'n danksegging vir die verseëling van die ewige genadeverbond. Die seëninge wat ontvang word, is in verhouding tot die geloof van die deelnemers.

Die Nuwe Verbond in Christus (Matt. 26:28). Jesus het geleer dat die beker wat ons neem, die bloed van die verbond verteenwoordig. 'n Nuwe Verbond was alreeds deur God deur Jeremia beloof.

Maar dit is die verbond wat Ek ná dié dae met die huis van Israel sal sluit, spreek die Here: Ek gee my wet in hulle binneste en skrywe dit op hulle hart; en Ek sal vir hulle 'n God wees, en hulle sal vir My 'n volk wees. - Jeremia 31:33.

God se basiese wet en bedoelings sou nie verander nie. Maar terwyl die Ou Verbond slegs die Nuwe Verbond aangekondig het, het verlossing onder die Nuwe Verbond 'n werklikheid geword. Nie deur die offers van diere nie, maar deur die offer van Christus. In die Nagmaal het hierdie verbond 'n werklikheid geword. Terwyl die dissipels die beker gebruik het, het hulle in die voorsienings en krag van daardie Nuwe Verbond, wat deur Jesus se dood moontlik gemaak was, gedeel. In Bybelse tye was 'n verbond dikwels met 'n maaltyd voltrek. Deur saam te eet het die partye hulle verbind om hulle beloftes na te kom. Jesus sou Sy bloed vir hulle stort om hulle verlossing moontlik te maak. Hy het ook beloof om vir hulle 'n plek in God

se koninkryk voor te berei waarheen Hy hulle uiteindelik sou neem. As deel van die ooreenkoms gebruik Christene die simbole van Sy offer as bewys van hulle nakoming van die voorwaardes van die verbond.

Die beginsel van die verbond beklemtoon die hegte verhouding tussen die twee partye wat in die verbond betrokke is. Ons geniet só 'n hegte verhouding met God.

Die Nuwe Verbond wat ons met Christus het, het lank gelede reeds begin. Dit is 'n bloedverbond. Ons Here Jesus is die Offerlam wat van die grondlegging van die wêreld geslag is (vgl. Openb. 13:8). Die offer van Jesus Christus op Gólgota as ons Paaslam het die vervulling van Abraham se Verbond begin. Ons Evangelie het uit presies dieselfde bloedverbond met die God van Israel, vierduisend jaar gelede gesluit, gekom. Ons geestelike vader, Abraham, was as 'n **getuie** teenwoordig toe daardie ewigdurende en Ewige Verbond met die God van Israel gesluit was. Die Skrifte getuig daarvan dat hy teenwoordig was (vgl. Gen. 15). Maar het hy dit in sy eie krag volbring? Nee, hy het nie. Abraham se verbondsvennoot, God, het deur die bloed van die verbond vir Homself en vir Sy vennoot, Abraham, geloop. Daar was een ry voetspore in die bloed. Abraham was oor 'n drumpel gedra.

Dit is 'n pragtige verhaal. God het Abraham buitentoe geneem en hom die sterre gewys. Hy het Abraham gevra of hy hulle kon tel. Toe het Hy aan Abraham verklaar:

So sal jou nageslag wees. - Gen. 15:5.

Broeders en susters in Christus, hier is iets wat julle moet besef: **Ons** in die kerk as ware gelowiges, saam met die terugkerende Jesus en Sy engele, sal daardie ontelbare geselskap van heiliges wees!

God het Abraham gerespekteer en geëer. Hy is ons geestelike vader (vgl. Gal. 3:29). Abraham was 'n getuie tot daardie verbond lank gelede aan die begin. Abraham het 'n verbond met YHWH, wie se naam beteken 'die God

wat was, is en vir ewig sal wees' gesluit. Toe Hy hierdie wedersydse bloedverbond gesluit het, het die romantiese verhaal van die Christen-volk waarlik begin.

Natuurlik was Abraham vol ontsag en oorweldig daardeur. In Genesis 15 het God teen sonder na Abram as Sy verbondsvennoot gekom. God het aan hom Sy Gees gegee en 'n deel van Sy Naam. Die 'H' in die asem van God het Abram in Abraham verander en om die sluiting van die verbond te bekragtig, het YHWH die "God van Abraham" geword. Diere is middeldeur gesny toe die oorspronklike verbond "gesny" was (vgl. Gen. 15).

Bloed word altyd in die sluiting van 'n bloedverbond gestort. Dit strek verder as "keuse". Waarna ons hier kyk, is volkome toewyding. Hoe kan ons aandring dat ons tieners in 'n verantwoordelike toewyding moet inkom as ons ons geloof afwater? Ongelukkig skiet die "Christenskap" wat ons in die Weste het in die toewydingsdepartement ver te kort. So veel so dat Christene weier om ware bloedverbond Christenskap te omhels.

Abraham was God se verbondsvennoot. So is ons ook. Dit is deur geloof in Christus, wat die "Saad van Abraham" is dat ons deel word van die familie van Abraham, Isak en Jakob. Dit gebeur wanneer ons tot God sal roep om ons te verlos. Ons verlossing kom deur die gestorte bloed van Christus. Christus is die beloofde Offerlam, die Saad van die Hemel en die Saad van Abraham. Wanneer ons wedergebore is, ontvang ons Hom in ons harte en in ons lewens in. Die inwonende Christus in elke ware gelowige is die Saad van Abraham. Hy is die Saad wat in ons die nuwe identiteit in Christus voortbring en ons word "nuwe skepsele".

Is ons identiteit in die Saad van Abraham slegs 'n godsdienstige saak? Met die ontvouing van die eindtyd drama, sal ons ontdek dat die Nuwe Verbond meer as dit is. Albei die ampte van Melgisédek, die politieke en die godsdienstige gesagte, die koninkryk en die priesterskap, sal deur ons terugkerende Messias gevul word. Hy is Priester en Koning volgens die

orde van Melgisédek (vgl. Ps. 110:4). In 'n verbond met ons Messias, sal ons van **albei** salwings getuig.

Vergifnis deur Christus (Matt. 26:28). Deur die Here se Nagmaal te vier onthou ons dat Christus ons sondes vergewe. Een van die heel belangrikste grondbeginsels van die Nuwe Verbond, besonderlik in die boek Hebreërs beklemtoon, is die feit dat vergifnis 'n werklikheid is vir diegene wat berou het en glo.

Dit is nie nodig dat ons skuldbevange moet lewe nie. Dit is nie nodig dat ons Christus se wederkoms moet vrees nie. Die Here se Nagmaal herinner ons dat ons vry van sonde is as ons Christus se gawe van verlossing en vergifnis aanneem en ons lewens aan Hom toewy.

Die verwagting van Christus se wederkoms (Matt. 26:29). Die Here se Nagmaal neem ons nie slegs na die lewe en dood van Jesus terug nie, maar wys vooruit na Christus se wederkoms.

Deur die deelneming aan die simbole onthou ons dat Jesus beloof het om weer met ons in Sy Vader se koninkryk te eet en te drink. Deur aan die simbole deel te neem bely ons dat ons geesdriftig op Sy wederkoms wag.

Lojaliteit aan Christus (1 Kor. 10:21). Die Here se Nagmaal doen 'n beroep op ons om ons lojaliteit aan Christus as die Opperheer van ons lewens te verklaar en spoor ons aan om elke keer wanneer ons Sy simbole gebruik ons lewens aan ons enigste Verlosser en Hoop opnuut toe te wy.

Verkondig Christus (1 Kor. 11:26). Deelneming aan die Nagmaal is 'n handeling van verkondiging. Ons bely dat ons volgelingen van Christus is, sodat ons slegs op Sy verdienste kan staatmaak. Ons is met ons hele hart en verstand dankbaar vir Sy lewe, dood en bediening vir ons en sien vooruit na en maak op Sy wederkoms staat.

Ons hou ons prioriteite in orde ter wille van wat Hy vir ons gedoen het, steeds doen en sal doen.

Leef eerbare lewens vir Christus (1 Kor. 11:27). Laastens, die Here se Nagmaal het 'n etiese dimensie.

Paulus bespreek misbruike van die Nagmaal in 1 Korinthiërs 11 en beklemtoon dat ons nie met die Here se Nagmaal kan speel nie, maar ons moet dit waardig vier. Wat beteken dit? Die konteks sê vir ons dat die wyse waarop ons ons broeders en susters behandel, deurslaggewend is.

Die Here se Nagmaal het nie net 'n vertikale dimensie, naamlik ons verhouding met God, nie, maar beïnvloed die horisontale, ons verhouding met mekaar.

Die volgende waarhede uit 1 Korinthiërs 11:17-34 deur die apostel Paulus sal ons help om die viering van die Here se heilige Nagmaal beter te verstaan.

Die Nagmaal dien om ons te herinner aan:

1. *Dit is 'n simboliese verrigting* (v.25).

* *Ons moet 'n Here wat smarte gely het, onthou* (verse 24-25).

Die bloed en druiwesap verteenwoordig die gebroke liggaam en die vergote bloed van die Here Jesus Christus. Soos ons aan hierdie onderhouding deelneem, moet ons die verskriklike prys onthou wat Jesus betaal het om ons siele te red. Onthou asseblief dat toe Hy aan die kruis gesterf het, het Hy in ons plek gesterf en dat Hy swaar gely het. **Soos baie hulle oor U verstom het - so misvormd was sy voorkoms, geen mens meer nie en sy gestalte was nie soos dié van 'n mensekind nie.** - Jes. 52:14.

"Here, hou die herinnering aan U dood vars in my geheue! Elke keer dat ek aan U herdenkings moet deelneem, laat my hart ontroer word asof U gister gesterf het. Laat die nagmaalsviering nooit 'n blote formaliteit word nie, maar altyd 'n tere en hartroerende belewenis."

* *Vers 26: Ons moet 'n Here wat alles volbring het, onthou.* Terwyl ons die brood en druiwesap neem, moet ons onthou dat Jesus gesterf het,

maar dat Hy drie dae later uit die dood opgestaan het (Matt. 28:1-6; Openb. 1:18).

* *Vers 26: Ons moet 'n opgestane Here onthou.* Nadat Jesus uit die dood opgestaan het, het Hy na die hemel opgevaar en sit daar aan die regterhand van Sy Vader en wag op die dag wanneer Hy na die aarde sal terugkeer om Sy volk te kom haal. Elke keer wanneer ons die Nagmaal vier, verklaar ons aan 'n verlore gaande wêreld dat ons in 'n Here glo wat weer kom.

Dit is ook 'n aansporing om onself voor die Here rein te hou (1 Joh. 1:1-3). As ons regtig glo dat Jesus weer kom, sal ons so lewe.

2. *Dit is 'n heilige verrigting* (v. 26): Die Here se nagmaalsviering is om verskeie redes heilig. Met heilig word bedoel dat dit met groot eerbied deur diegene wat daaraan deelneem, gevier moet word. Dit het geen verlossingskrag nie, maar dit is steeds heilig aan die Here. Daar is twee basiese redes hoekom die Here se Nagmaal heilig is:

* *Dit is deur Christus ingestel:* Jesus het die Nagmaal ingestel voordat Hy na die kruis gegaan het.

* *Dit getuig van Christus:* Paulus maak dit duidelik dat wanneer ons aan die Nagmaal deelneem ons ons geloof in die dood, begrafnis, opstanding en wederkoms van die Here Jesus verklaar.

Moet my asseblief nie verkeerd verstaan nie! Baie mense wat verlore is, het aan die Nagmaal deelgeneem en hulle is net so verlore as wat hulle was. Daar is geen verlossingskrag in die Nagmaal nie. Hulle wat gered is, verkondig egter die feit dat hulle in Jesus Christus glo.

Terwyl die Nagmaal die geloof van hulle wat daaraan deelneem, bekendmaak, wys dit ook op die waarheid van die evangelie aan diegene wat die Here nie ken nie. Elke keer wanneer ons by die tafel van die Here aansit en die Nagmaal vier, getuig ons aan 'n verlore gaande en sterwende wêreld dat Jesus Christus tweeduisend jaar gelede vir die sondes van die mensdom

gekruisig is. Hierdie Jesus het uit die dood opgestaan, dat Hy vandag leef en sal weer kom om Sy volk te kom haal. Dit is 'n kragtige getuienis.

3. *Dit is 'n besondere verrigting* (verse 18, 28-34).

Die nagmaalsdiens bied aan die kerk die geleentheid om saam te kom (v. 17,18,20,33,34). Vyf keer in hierdie verse verwys Paulus na die **saamkom** van die gemeente. Elke keer wat die gelowiges van God kan saamkom en op die Here Jesus Christus fokus, is 'n spesiale tyd. Voor ons aan die Nagmaal deelneem, moet ons twee dinge doen. Die viering van die Nagmaal is vir die gelowiges spesiaal, want dit bied aan hulle die geleentheid om twee groot dinge te doen:

a) *Ons het die geleentheid tot berou*: Voor iemand aan die Nagmaal deelneem, is dit nodig dat hulle hul hart ondersoek, hulle sondes erken en berou hê daarvoor. Daar is dinge waaraan ons moet aandag gee:

* *Ons sondes* (v. 27-30): Hierdie verse skilder 'n baie ernstige beeld van die Nagmaal. Dit blyk dat die Here die Nagmaal in 'n baie ernstige lig beskou. Die Korinthiërs het die Nagmaal ligtelik opgeneem en as gevolg was sommige van hulle siek en ander het gesterf. Vriende, God het nie van gedagte verander nie. Bely julle sondes en ontvang vergifnis uit Sy hand. (1 Joh. 1:9).

* *Ons selfsugtigheid* (v. 17-22): Wanneer ons na die Here se tafel toe kom, moet ons nie net aan onself dink nie, maar ook aan ons broeders en susters wat swaarkry (Gal. 6:2).

b) *Ons het die geleentheid om te vernuwe*: Die Nagmaal is 'n wonderlike tyd vir die kind van God om aan Sy beloftes en visie te dink. Dit is 'n goeie geleentheid om te onthou hoekom ons bestaan. Dit is ook 'n goeie tyd om ons geloftes aan die Here te hernu. Ons laat toe dat sonde in ons lewe insluip en dit hinder ons wandel met God. Dit is die regte tyd om dit alles reg te stel en weer saam met die Here te wandel.

4. *Dit is 'n plegtige verrigting* (verse 17-22): Ek glo dat die Nagmaal die edelste vorm van aanbidding is waarin ons ooit hier op aarde betrokke sal wees. Wanneer ons na die tafel van die Here kom, moet niemand of niks anders die eer as die Here kry nie. Wanneer ons Sy Nagmaal in geloof en met blydschap ontvang het, sal Jesus verheerlik wees, die gelowiges sal geestelik versterk wees en God die Vader sal vereer wees! Wanneer ons dink aan die prys wat Jesus vir ons betaal het en die feit dat Hy leef vir ons regverdigmaking, sal dit ons tot 'n plek van lof en aanbidding bring.

5. *Dit is 'n ernstige verrigting* (v. 28-30). Vers 28 sê vir ons om onself te ondersoek. Dit is 'n bevel en nie 'n opsie nie! Voor jy aan die Nagmaal deelneem, wees van 'n paar dinge seker! :

Die Bybel vermaan gelowiges om hierdie seremonie met die nodige eerbied vir die Here te vier, want **wie dan op onwaardige wyse hierdie brood eet of die beker van die Here drink, sal skuldig wees aan die liggaam en bloed van die Here.** - 1 Kor. 11:27. Hierdie "onwaardige wyse" bestaan uit òf onbehoorlike gedrag (kyk vers 21) òf 'n gebrek aan 'n lewende, aktiewe geloof in die soenoffer van Christus. Sodanige gedrag toon oneerbiedigheid teenoor die Here en kan as 'n verwerping van die Heiland beskou word en daarom deel hê aan die skuld van diegene wat Hom gekruisig het.

Deur 'n onbehoorlike deelname haal 'n mens God se misnoeë op jou hals. Wie op onwaardige wyse eet en drink, eet en drink **'n oordeel** oor hulle, **terwyl hulle die liggaam van die Here nie onderskei nie.** - 1 Kor. 11:29. Hulle onderskei nie tussen gewone voedsel en die geheiligde simbole wat die dood van Christus voorstel nie. Gelowiges moet nie die seremonie as maar net die herdenkingsplegtigheid van 'n gebeurtenis beskou nie. Dit is dit wel, maar veel meer; dit herinner aan wat die sonde die Here gekos het en wat die mens aan die Heiland verskuldig is. Dit verfris ook die gelowige se geheue dat hy in die openbaar moet getuig van sy geloof in die soendood van die Seun van God.

Met die oog op hierdie vermaninge raai Paulus die gelowige aan om "homself [te] beproef" voordat hy aan die Nagmaal deelneem (1 Kor. 11:28). Voordat gelowiges deelneem, moet hulle hul Christelike belewenis biddend in oordenking neem, hul sondes bely en gebroke verhoudinge herstel.

Die ondervinding van die Adventiste-pioniers toon tot watter seën so 'n selfondersoek kan wees: "Toe ons nog maar min in getal was, het ons die seremonies op besonder voordelige wyse gevier. Die vorige Vrydag het elke lidmaat van die kerk probeer om enigiets uit die weg te ruim wat sou neig om hom van sy broeders en van God te vervreem. Harte is inniglik ondersoek, gebede dat God verborge sondes aan die lig moet bring, het ernstig opgegaan; belydenis van 'n transaksie wat te ver gedryf is; van onverstandige woorde wat haastig ontglip het, of 'n gekoesterde sonde is gedoen. Die Here was na aan ons en ons is baie versterk en bemoedig."

Hierdie selfondersoek is 'n persoonlike saak. Ander kan dit nie doen nie, want wie kan die hart lees of die onkruid van die koring onderskei? Hoewel openlike sonde 'n mens onaanneemlik vir deelname maak (1 Kor. 5:11), het Jesus self die maal met Judas - wat uiterlik 'n belydende volgeling was, gedeel, maar innerlik 'n dief en 'n verraaier. Almal wat kom met hulle geloof in Hom gevestig, sal 'n groot seën verkry. Almal wat hierdie tye verwaarloos, sal skade ly.

Die kenmerke van diegene wat vir deelname aan die nagmaalsdiens kwalifiseer, is dus die toestand van die hart - volle oorgawe aan Christus en geloof in Sy offer en nie lidmaatskap van enige besondere kerk nie. Daarom kan gelowige Christene van alle kerke deelneem aan die Heilige Nagmaal. Almal word uitgenooi om hierdie groot fees van die Nuwe Verbond dikwels te vier en deur hul deelname te getuig van hul aanname van Christus as hul persoonlike Saligmaker.

Deur saam met Sy dissipels brood en wyn te neem, het Christus Hom verbind om hul Verlosser te wees. Hy het die Nuwe Verbond aan hulle opgedra waardeur almal wat Hom ontvang, kinders van God word en mede-erfgename

van Christus. Deur hierdie verbond was elke seën wat die hemel in hierdie en die toekomstige lewe kan uitstort hulle s'n. Hierdie verbondsakte sou deur die bloed van Christus bekragtig word. En die hou van die sakrament sou hulle herinner aan die perkelose opoffering wat vir elkeen van hulle individueel gemaak is as deel van die gevalle mensdom se groot geheel. - *Desire of Ages*, p. 659.

Dit is deur die lewe te ontvang wat vir ons op die kruis van Golgota uitgestort is dat ons 'n heilige lewe kan lei. En dié lewe ontvang ons deur Sy Woord te ontvang, deur die dinge te doen wat Hy beveel het. So word ons een met Hom. **Wie my vlees eet, sê Hy, en my bloed drink, bly in My en Ek in hom. Soos die lewende Vader My gestuur het, en Ek deur die Vader lewe, so sal hy wat My eet, ook deur My lewe.** - Joh. 6:54 - 57. Hierdie Skrifgedeelte is veral op die heilige Nagmaal toepaslik. Soos ons in geloof onse Here se groot offer bepeins, assimileer die siel die geestelike lewe van Christus. - *Desire of Ages*, p. 660.

Wanneer ons Nagmaal vier, sit ons nie aan by die nagmaalstafel en drink Sy beker en hernuwe ons verlowing as Sy bruid ten volle aan Hom nie? Eet ons nie saam met Hom, net soos Dawid, **in die aangesig teenoor my teëstanders** nie? (vgl. Psalm 23). Hoekom al hierdie waas van vergeetagtigheid in die ryk Westerse kerke vandag aangaande wat die beker van Christus regtig beteken? Hoekom al hierdie onaangenaamheid?

Hier is ons, weer eens by die riviere van Babel uitgekamp.
 En ons harpe hang aan die wilgers soos lank gelede.
 Ons onthou, en ons verlang na, 'n Heilige Stad, nog onsigbaar.

Sal ons ooit die stad sien?
 Sal ons deur sy poorte ingaan?
 Sal ons die droombeeld skitterend sien?
 O ja, ons sal uiteindelik arriveer;
 Wat 'n dag sal dit nie wees nie!
 Wanneer **die losgekoptes van die Here sal teruggaan**
En na Sion kom met gejubel

En ewige vreugde sal op hulle hoof wees. - Jes. 35:10.

Ons is losgekoop, losgekoop, teruggebring, teen 'n ontsaglike prys losgekoop (vgl. 1 Kor. 6:20). Wat is ons reaksie op hierdie groot verlossing? Werk en speel ons net, kyk na die sport en die sepies op die TV, gesels met ons makelaar, woon kerk by en sit en wag vir die wegraping? Is die bruid van Christus passief in die verbond? Is ons, as die bruid van Christus, net sommer "gekoopte goedere" wat wag op verskeping na 'n eksklusiewe stuk eiendom in die Nuwe Jerusalem?

Nie werklik nie!

Die Nagmaalsbeker op ons lewenspad

So die Nagmaalsbeker is 'n dieper saak as wat ons gedink het.
Terwyl ons die Beker van Christus drink, gaan ons deur 'n ingang.
Sy Agapé Liefde is om ons gevou.
In 'n Goddelike, blye en onverwagte gawe ontdek ons dat,

....die liefde van God in ons harte uitgestort is deur die Heilige Gees wat aan ons gegee is. - Rom. 5:5.

Skielik is ons verby die selfbestaan.
Ons is "in Christus."

Ons is in die gemeenskap met die liggaam van Christus. - 1 Kor. 10:16.

Nou is ons begeerte, ons passie,
Om ons lewe uit te leef en om te getuig,
Die verbond wat ons met Hom mede-onderteken het;
-selfs, as dit op daardie uiterste getuienis neerkom;
- die getuienis van ons eie bloed.

Dit is die volle implikasie van die bloedverbond wat ons met Christus het.

- V. Sal daar weer 'n beroep op die Westerse kerke gedoen word om die bloedverbond van ons Here Jesus Christus met getuienis te bevestig?
- A. Gedurende die eerste drie eeue van kerkgeskiedenis het ons. In baie lande lewer baie Christen-gelowiges getroue getuienis aan die Nuwe Verbond.



Die Nagmaalsbeker

Het ons almal daaruit gedrink? Is ons verhouding met Christus 'n eensydige verhouding? Elkeen is in geloof 'n mede-ondertekenaar van die Nuwe Verbond. Die nagmaalsbeker behels daarom 'n dieper toewyding. **Toe neem Hy 'n beker, en nadat Hy die dankgebed uitgespreek het, gee Hy dit vir hulle en sê: "Drink almal daaruit, want dit is my bloed, die bloed waardeur die verbond beseël word en wat vir baie vergiet word tot vergewing van sondes."** - Matt. 26:27-28.

Het **ALMAL** daaruit gedrink? Weet ons wat **almal** beteken?

Deur die viering van die Nagmaal bevestig elkeen sy volwaardige verbondenheid, gehoorsaamheid en verantwoordelikheid.

'n Laaste gedagte

Die voetewas en die Here se Nagmaal is ryk en mooi in betekenis. Deur hulle wil die Here ons ontmoet en ons wil tot Hom en vir Hom oop wees. Wanneer ons bymekaarkom om dié sakrament te vier, lê ons alle roetine opsy en wat ook al ons verhinder om na Sy stem en Sy Woord te luister. Ons aanvaar die Here se uitnodiging na Sy wonderlike maaltyd.

So dikwels as julle hierdie brood eet en hierdie beker drink, verkondig julle die dood van die Here totdat Hy kom. - 1 Kor. 11:26.

Hierdie dinge moet ons nooit vergeet nie. Die liefde van Jesus, met sy dringende krag, moet vars in ons geheue gehou word. Christus het hierdie diens ingestel, sodat dit tot ons sinne kan spreek van die liefde van God wat namens ons uitgebeeld is. Daar kan geen vereniging tussen ons siele en God wees behalwe deur Christus nie. Die eenheid en liefde tussen die lidmate moet deur die liefde van Jesus saamgebind en verewig word. En niks minder as die dood van Christus kon Sy liefde vir ons doeltreffend maak nie. Dit is net Sy dood wat ons in staat stel om met vreugde op Sy wederkoms te wag. Sy offer is die middelpunt van ons hoop. Daarop moet ons ons geloof vestig.

BRONNE

1. Alan Carr: *The Sermon Notebook. Biblical Resources for Preachers and Teachers of the Word of God.*
2. Dr. Gavin Finley: *Blood Covenant Christianity.*
3. Dr. Ekkehardt Mueller, mede-direkteur van die Bybel Navorsingsinstituut van die Algemene Konferensie van Sewendedagadventiste, Silver Springs, Maryland.
4. Ellen White: *The Desire of Ages.*
5. Fundamentele Leerstelling nr. 15: *Die Heilige Nagmaal.*
